# Somer Rynvaart-toer

## Duitsland ~ Frankryk ~ Nederland

## 5-15 Julie 2024

Kom saam op ons elf-dae ***Rynvaart-toer*** met die **M/S Aurora** en beleef die Rynland se bekoorlike en prentjiemooi hoogtepunte. Die baie spesiale groepstarief beloop **R37 990** per persoon.

### Reisplan

**Dag 1: Vrydag, 5 Julie** **KAAPSTAD /JOHANNESBURG →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand vanaf Kaapstad en Johannesburg na ***Europa***. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Saterdag, 6 Julie** **→ FRANKFURT → MAINZ**
Na 'n vroeë ontbyt land ons in **Frankfurt**, Duitsland. Ons vertrek met 'n luukse bus na Mainz, maar stop eers in die hartjie van Frankfurt, by Römerberg, die oudste stadsplein in die stad, met pragtige geboue uit die veertiende en vyftiende eeue. Sien onder andere die mooie ou stadsaal, die Römer, wat dateer uit die vyftiende eeu. Frankfurt is ook die geboorteplek van die bekende digter en skrywer, Goethe.
Daarna reis ons verder na **Mainz**, wat net 41 km in 'n suidwestelike rigting vanaf Frankfurt geleë is.

> *Strategically located at the confluence of the Rhine and Main Rivers is the city of **Mainz**, with "civilized" origins dating back to around 38 BC. The Altstadt (Old Town) has many intriguing shops and the whimsical Fastnachtsbrunnen (Carnival Fountain) on the Schillerplatz. Gutenberg, the father of modern printing, was born here and there is a chance to visit the captivating Gutenberg Museum.*

Ons bespreek in by ons sentraalgeleë hotel en daar is tyd om die interessante ou stad van Mainz te ontdek. Diegene wat nie op hulle eie wil gaan nie, kan om **15:00** vir Gerhard in die hotel se voorportaal ontmoet om saam te stap. Daar is ook tyd om aandete op jou eie tyd te nuttig (die enigste aandete wat nie ingesluit is by ons toerkoste nie).




*Römerberg, die kleurvolste stadsplein in Frankfurt*



*Kom stap saam in Mainz se strate*

**Dag 3: Sondag, 7 Julie** **MAINZ →**
Na ontbyt in ons hotel, het ons verdere vrye tyd om Mainz verder te verken. Vroegmiddag kan ons aanboord die **M/S Aurora** gaan. 'n Verwelkomings-buffet met soppe, slaaie, toebroodjies en nageregte wag vir ons op die boot. Laatmiddag word ons verder verwelkom met 'n "*cocktail party with sparkling wine or juice*". Ons spesiale verwelkomings-aandete vanaand is ook opgegradeer van 'n viergang na 'n vyfgang maal.
**19:00** Ons boot vertrek vanaf Mainz en ons Rynvaart begin amptelik!





*Ons gaan aanboord die M/S Aurora vir ons agt dae Rynvaart!*

**<u>Dag 4: Maandag, 8 Julie</u>** **STRASBOURG →**

**15:00** Ons boot arriveer in **Strasbourg**, Frankryk, nadat ons deur twee sluise gevaar het.

**16:00** Ons vertrek met 'n luukse toerbus op 'n besigtigingstoer van Strasbourg met 'n plaaslike Engelssprekende toergids vir vier ure.

> *Strasbourg is the prefecture and largest city of the Grand Est region of eastern France and the official seat of the European Parliament. Located at the border with Germany in the historic region of Alsace, it is the prefecture of the Bas-Rhin department.*

**21:00** Ons boot vertrek vanaf Strasbourg terug oor die grens na Duitsland.



*Strasbourg in Frankryk*



*Geniet Speyer se stadsplein*

**<u>Dag 5: Dinsdag, 9 Julie</u>** **SPEYER → RÜDESHEIM**

06:00 Ons boot arriveer in Speyer.

> *Our journey continues to **Speyer** with its $11^{th}$ century Imperial Cathedral and its crypt containing the tombs of eight German emperors and kings. It is one of the oldest Rhine cities and celebrated its $2000^{th}$ jubilee in 1990.*

Vrye tyd om die stad te voet te verken.

13:00 Ons boot vertrek vanaf Speyer.

19:30 Ons boot arriveer in Rüdesheim.

**<u>Dag 6: Woensdag, 10 Julie</u>** **RÜDESHEIM → LORELEI → KOBLENZ →**

Na nog 'n heerlike ontbyt het ons tyd om die stad te voet te verken.

> ***Rüdesheim** is a typical Rhine Valley wine town. Pick up some souvenirs on the narrow, cobblestoned Drösselgasse, where colorful flowers, open-air wine gardens, and live music add to the festive atmosphere.*

**12:30** Ons boot vertrek vanaf Rüdesheim.

> *A highlight this afternoon after lunch: cruise through the dramatic RHINE GORGE, the most beautiful stretch of the river. Here, ancient castles stand sentry on lofty cliffs rising 400 feet above the waters. Cruise past the legendary rock of **Lorelei**, where echoes of enchanted siren song lured unwitting sailors to their doom. Then, arrive in Koblenz.*

**14:00-14:15** Vaar verby die Lorelei-rots en bewonder die talle sprokieskastele teen die hange van die Ryn!

**16:00** Arriveer in **Koblenz**

Vrye tyd om die stad te verken.

> *At the confluence of the Rhine and Moselle Rivers, 2 000-year-old **Koblenz** is the cultural and business center of the Middle Rhine region. It is easy to explore the city's castles, fortress walls, towers, squares and monuments by foot.*

**22:00** Ons boot vertrek vanaf Koblenz



*Rhine river bend by the Lorelei cliff*



*Koblenz, waar die Ryn- en Moeselriviere ontmoet*

**Dag 7: Donderdag, 11 Julie** **COCHEM →**
**07:00** Ons boot arriveer in **Cochem**.
**08:30** Ons ontmoet ons plaaslike Engelstalige toergids vir 'n staptoer na Cochem se hoogtepunte. Ons besoek onder andere 'n plaaslike wynkelder, waar die proe van vier wyne ingesluit is by die ekskursie.
**15:00** Ons boot vertrek vanaf Cochem.



*Cochem is een van die verrassings-juwele langs die Ryn*

**Dag 8: Vrydag, 12 Julie** **KEULEN →**
**02:00** Ons boot arriveer in **Keulen**, die hoofstad van die Rynland.
**08:30** Ons vertrek per bus vir ons staptoer van hierdie pragtige stad saam met 'n plaaslike Engelssprekende toergids (*one Kölsch beer per person included!)*. 'n Hoogtepunt is die Domkerk, wat die hoogste tweetoringkerk in die wêreld is. Hier is ook 'n geleentheid om 'n bottel "*4711*", die oorspronklike *eau de cologne*, te koop!
**13:00** Ons boot vertrek vanaf Keulen.

**Dag 9: Saterdag, 13 Julie** **AMSTERDAM**
**07:00** Arriveer in **Amsterdam**, Nederland se hoofstad.
Na ontbyt het ons vrye tyd om die stad te verken.
'n Opsionele Amsterdam Kanaal-toer met 'n plaaslike boot en toegids is beskikbaar teen R1 650 per persoon.
Vanaand sit ons aan by die *Captain's Gala Farewell dinner*, met 'n spesiale opgegradeerde vyfgang-maaltyd.



*Keulen, met sy Gotiese Domkerk*



*Beleef Amsterdam se kanale*

**Dag 10: Sondag, 14 Julie** **AMSTERDAM →**
Na 'n laaste heerlike ontbyt het ons nog 'n paar uur om Amsterdam te geniet. Dan is dit tyd om die **M/S Aurora** te groet en ons vertrek sak-en-pak na die **Schiphol-lughawe** vir ons terugvlug na Suid-Afrika.
Vanaand word aandete op ons vlug bedien.

**Dag 11: Maandag, 15 Julie** **→ JOHANNESBURG /KAAPSTAD**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike ***Rynvaart-toer***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van **R1 450** vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Sewe nagte Rynvaart op die **M/S Aurora**.
- ✓ Alle etes aanboord die **M/S Aurora**:
  - ✓ Buffet-ontbyt (wat ook salm, 'n omelet-stasie en vonkelwyn insluit)
  - ✓ Buffet-middagete, met 'n keuse van drie hoofgeregte, twee soppe, slaaie, en nageregte
  - ✓ 'n Viergang-aandete (die eerste en laaste aande is dit spesiale vyfgang-aandetes)
  - ✓ Koffie & tee tydens alle etes
  - ✓ Middag tee/koffie, met 'n koek-buffet, gevolg deur klavieruitvoerings
  - ✓ Laataand versnaperings (om 22:00) in die sitkamer
  - ✓ 24-uur koffie/tee-stasie in die sitkamer
- ✓ Die volgende word ook ingesluit op die bootvaart:
  - ✓ Gratis Wi-Fi in kajuite en alle openbare areas op die boot
  - ✓ Luukse *L'Occitane-en-Provence* badkamerprodukte in al die kajuite
  - ✓ Verwelkomings- en afskeidsgeleenthede met wyne en sappe
  - ✓ *Live music in the lounge every evening*
  - ✓ 'n Verskeidenheid internasionale TV-kanale via satteliet in al die kajuite
- ✓ Luukse busvervoer soos in die reisplan aangedui, met alle parkerings- en tolgelde.
- ✓ Drie ekskursies met plaaslike Engelssprekende toergidse in Strasbourg, Cochem (met 'n wynproe) en Keulen.
- ✓ Verblyf vir een nag in 'n uitgesoekte hotel in Mainz, met ontbyt ingesluit.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.




***Aanboord die netjiese M/S Aurora***

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die toerkoste van **R37 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Julie 2023. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van €1=R20 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- ➢ Visumkoste van ± **R1 600** is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met almal se Schengen visum-aansoeke en die nodige dokumente aan almal verskaf.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- ➢ Toerlede kan met bespreking reeds hulle voorkeur-kajuit bespreek.
- ➢ Toerlede kan opgradeer van 'n kajuit op die hoofdek, na 'n kajuit op die middeldek met groter panoramiese vensters teen **R2 260** per persoon vir die agt dae bootvaart, of na 'n kajuit op die bodek met 'n privaat-balkon teen **R5 980** per persoon vir die agt dae bootrit (sien die grafiese uiteensetting op die volgende bladsy).
- ➢ Ten minste **48 passasiers** moet deurgaans saamreis.
- ➢ Billike en omvattende groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen **R330** vir die elf dae (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- ➢ Verpligte diensfooie van **R1 380** per persoon vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- ➢ 'n Deposito van **R7 000** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- ➢ 'n Tweede deposito van **R6 000**, wat deur die bootmaatskappy vereis word, moet **voor 12 Januarie 2024** vereffen word.
- ➢ Die balans van die reisgeld moet **voor 30 Maart 2024** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.


## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: RYNVAART/ en u van

Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

## M/S AURORA




Toerlede kan met bespreking reeds hulle voorkeur-kajuitnommer (uit beskikbare kajuite) op die **M/S Aurora** bespreek.
Kajuitnommers 101-115 is op die **hoofdek**: geen bybetaling nodig nie
Kajuitnommers 200-214 en 300-322 is op die **middeldek** (met groter panoramiese vensters): bybetaling R2 260 per persoon
Kajuitnommers 400-415 is op die **bodek** (met privaat balkonne): bybetaling: R5 980 per persoon

**"TRAVEL IS THE BEST INVESTMENT I'VE EVER MADE."**
**- FHATUWANI MUKHELI**



VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995